07 Julie 2010

Ontwikkelaars span saam om verkeersdruk in Pretoria Oos te verlig, met konstruksie van verskeie nuwe paaie

PRETORIA – Goeie vordering is reeds gemaak met die beplanning van verskeie nuwe paaie wat toegang sal verleen vanaf die N4 na Pretoria Oos. Die ses ontwikkelaars wat kragte, en beursies, saamspan om die bou van hierdie noodsaaklike paaie te fasiliteer is Sable Homes, Abland, Atterbury, Living4U, N4 Trucks en Innoland.

Die nuwe infrastruktuur sluit in ‘n volledige diamantwisselaar vir die PWV17 en N4 kruising, konstruksie van die PWV17 provinsiale hoofweg, sowel as ander paaie soos Hazeldean Boulevard en die verlenging van Lippizaner weg.

Konstruksie van hierdie paaie sal na verwagting begin vroeg in 2011, mits befondsing deur die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika goedgekeur word. Die meeste van hierdie paaie is reeds goedgekeur deur die relevant pad ordinansies. Die eerste fase van die padkonstruksie sal na verwagting binne 4 jaar voltooi wees.

Saam met die konstruksie van die PWV17/N4 wisselaar sal die PWV17 gebou word, wat uiteindelik sal strek vanaf die K16 (noord van die ou Bronkhorstspruit weg), in ‘n suidelike rigting tot teenaan die K54 (beter bekend as Graham/Lynnwood weg).

Die PWV 17 loop parallel met Hazeldean Boulevard, ‘n klas 3 dubbelbaan pad wat sal strek vanaf Ridge Weg, onderdeur die N4 tot by die K16 (noord van Qu Bronkhorstspruit Weg). In aansluiting hierby sal konstruksie ook begin met die verlenging van die huidige Lippizaner weg (wat tans strek vanaf Hans Strijdom tot by Silver Lakes weg), vanaf die Silver Lakes- en Lippizanerweg kruising, oor die Bronberg, verby Farm Inn tot by die suidelike grens van die Hazeldean node.

Die behoefte aan hierdie paaie spruit grootliks uit die snelle groei van die Hazeldean node, sowel as ander groot ontwikkelings wat beplan word in hierdie area. Hierdie paaie sal die huidige druk op Hans Strijdom- en Lynnwoodweg roetes geweldig verlig.

Die ontwikkelaars se toekomsvisie vir Hazeldean is om ‘n woonplek te skep vir oud en jonk in ‘n ekovriendelike, waterryke en parkagtige omgewing wat as ‘n onafhanklike entiteit kan funksioneer. Om dit te bereik, word aanvullende geriewe soos winkels, kantoorparke, skole, kerke en ander geriewe op strategiese plekke beplan en ontwikkel.

Huidige residensiele ontwikkelings in Hazeldean sluit in Die Meadows, Die Ridge, Die Retreat en Oukraal. Die tweede fase van Die Retreat , ‘n luukse

aftree-landgoed, is ook onlangs bekendgestel, wat ‘n duidelike behoefte aan hierdie tipe van ontwikkeling in die area beklemtoon.

Talle ander geriewe is reeds beskikbaar in Hazeldean, soos winkelsentrums, kantoorparke en meer. Die ooglopende sukses van die Curro Privaat skool wat sedert 2007 reeds operasioneel is as ‘n pre-primêre en laerskool, het daartoe gelei dat die hoërskool tans onder konstruksie is en sal open in 2011. ‘n Sevens meubelwinkel is onlangs voltooi in Hazeldean Home World en ‘n vulstasie in Silver Lakes weg is ook in die pyplyn vir die naby toekoms.

Vir meer inligting rakende Hazeldean kan die webwerf besoek word by www.hazeldeandevelopment.co.za. Vir residensiele navrae kontak Sable Homes by 011 244 8380, en vir kommersiele navrae kontak Abland by 011 510 9999.